

Sing vooraf staande: Psalm 27:4, 5 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!
- 5 Verlate 's ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 84:1, 3 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker na verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Gebed

Psalm 42:2, 3 (p. 214)

- 2 Trane stort ek in my klagte, / want die spotters vra vir my:
"Waar 's jou God?" My dae en nagte / gaan in droefenis verby.
Nog hoor ek die feesgedruis / wat weerklink het om u Huis,
Toe 'k 'n skaar daarheen gelei het, / my met hul in God verbly het.
- 3 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as die vyand jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Skriflesing: Efesiërs 2:1-10; Hebreërs 11:1-19; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 22

Kernvers: Efesiërs 2:8 en Hebreërs 11:1

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. (Efesiërs 2:8 AFR83)

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. (Hebreërs 11:1 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 22: Ons regverdiging deur die geloof

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering

wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry.

Ps 51:8; Efes 1:17-18; 1 Tess 1:6; 1 Kor 2:12; Gal 2:21; Jer 23:6; 1 Kor 1:20; Jer 51:10; 1 Kor 15:3; Matt 1:21; Rom 8:1; 3:20, 28; Gal 2:16; Heb 7:19; Rom 8:29, 33; Hand 13:28; 1 Pet 1:4; Rom 10:3, 5, 9; Luk 1:77; Tit 3:5; Ps 32:1; Rom 4:5; 3:24, 27; Fil 3:9; 2 Tim 1:9; Ps 115:1; 1 Kor 4:7; Rom 4:2

Tema: Die Heilige Gees wek die geloof in ons op waardeur ons gered word

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, as daar vir ons in Sondag 15, vraag 37 van ons Heidelbergse Kategismus gevra word: **Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?**, dan antwoord ons: **Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het.** In ons Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 3 bely ons hierdie woorde aangaande Christus se offer aan die kruis: **Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakste offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.** Uit albei hierdie leerstukke is dit dan duidelik dat Christus se offer aan die kruis genoegsaam is om alle mense se sondes af te was. Dit beteken egter nie dat elke liewe mens op die aarde se sondes wel afgewas is nie.

Nou sal iemand kan beweer dat ons in sirkels redeneer as ons so sê. Nee, ons redeneer nie in 'n sirkel nie. Met hierdie woorde wat ons aangehaal het, bely ons dat Christus die straf vir alle sondes wat ooit gedoen is en nog gedoen sal word klaar gedra het. Verder bely ons ook dat nie alle mense deel het aan hierdie genade nie. Alle mense word nie deur Jesus Christus salig gemaak soos wat hulle almal deur Adam verlore gegaan het nie. Net die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en wat al Christus se weldade as hulle eie aanneem, is gered (Sondag 7:20).

In hierdie woorde hoor ons dit duidelik: Dit is geloof wat die verskil maak tussen mense. Alle mense is sonder onderskeid sondaars. Maar omdat geloof die verskil tussen mense maak, is daar *gelowige* sondaars en *ongelowige* sondaars. Daar ontstaan nou onwillekeurig 'n ander vraag by 'n mens. Is alle mense wat sê dat hulle glo dan gelowige sondaars wat deur Christus salig word? Of kom ons sê dit meer persoonlik. Aangesien net 'n ware geloof 'n mens aan Christus en al sy weldade laat deel kry, is dit lewensbelangrik om te weet of ons die ware geloof het. Om agter te kom of ons ware geloof het, is dit nodig om te weet wat ware geloof is en waar dit vandaan kom.

Vir ons vir wie die Kategismus en die Skrif nie onbekend is nie, sal dadelik kan sê wat ware geloof is en waar dit vandaan kom. Maar kom ons spel dit uit ter wille van die kinders en hulle wat nog jonk in die geloof is. Ware geloof bestaan uit twee wesentlike elemente waarby ons hele menswees betrokke is. Hierdie twee elemente is *kennis* en *vertroue*. Ware geloof is 'n vasstaande *kennis*.

Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.

(Hebreërs 11:3 AFR83)

Op die eerste bladsy van die Bybel lees ons dat God die hemel en die aarde geskep het. Ons hoor verderaan dat Hy alles wat bestaan uit niks geskep het. Hy het net gesê: Laat daar lig wees, en daar was lig. Hierdie dinge ken en weet ons, want van kleins af het ons dit by ons ouers gehoor en in die katekisasie geleer.

Maar dit is nie al wat ons ken nie. Ons het ook kennis oor Noag, Abraham, Israel, die profete, die ballingskap, die geboorte, lewe en werk van Jesus Christus, en oor die werk van God die Heilige Gees deur die apostels en die kerk. Ons weet daarvan, want ons kan die Bybel lees. Trouens, enige mens kan die Bybel lees en kennis oor hierdie sake verkry. 'n Mens lees mos 'n boek om kennis te versamel.

Alle mense wat die Bybel lees en kennis daaruit versamel, wil egter nie daardie kennis as die vasstaande waarheid aanvaar nie. Die Moslems, byvoorbeeld, weet ook van Jesus Christus en hulle ken ook sy uitsprake dat Hy die Christus is, die Seun van die lewende God. Hierdie kennis versamel hulle uit die Bybel uit, maar hulle betwis die waarheid daarvan. Daarom is hulle kennis oor Jesus Christus nie 'n vasstaande kennis nie.

Vasstaande kennis, aan die ander kant, is kennis wat nie deur 'n sweempie van dwaalleer van stryk gebring kan word nie. Deur middel van die vasstaande kennis aanvaar ons dat alles wat in die Bybel geskryf staan die reine waarheid is, want die Bybel is die Woord van God. Uit die Bybel het ons immers ook kennis van die God van die Bybel. Hy maak Homself regdeur die Bybel aan ons bekend as die waaragtige God in wie daar geen leuen is nie. En soos wat die Here ons God self is, so is sy Woord ook – die volle waarheid. In die Bybel is daar nie een leuen geskryf nie.

Dit is inderdaad so dat daar gedeeltes in die Bybel is wat vir ons onduidelik is. Oor die skepping sê die Here vir ons dat Hy dit geskep het. Hy sê ook hoe Hy geskep het, naamlik deur net die woord te spreek en dit wat Hy geroep het om te bestaan, het ontstaan. En Hy sê vir ons hoe lank dit Hom geneem het om te skep – ses dae. Nou word daar egter ontdekkings in die natuur gemaak van fossiele en dan is daar mense wat wil beweer dat die skeppingsverhaal van die Bybel nie korrek kan wees nie. En omdat hulle nie die wysheid van die Here soek nie, maak hulle dadelik die afleiding dat die Bybel verkeerd is en die evolusieleer reg is.

Geliefdes, dit is nie nodig dat hierdie aanslae teen die Bybel en teen die Here ons van stryk moet bring nie. As die Heilige Gees jou tot die oortuiging gebring het dat die Here en sy Woord die waarheid is, moet nooit dink dat jy kinderagtig is om daarin te glo en nie wil byt aan die stories van hulle wat die evolusieleer voorstaan nie. Die Here het ook gelowige wetenskaplikes genade gegee om met die Bybel in die hand na die fossiele te kyk en raak te sien hoe dit inpas by die skeppingsverhaal in Genesis. Indien jy dan ongemaklik raak oor die praatjies van hulle wat die evolusieleer aanhang, doen gerus die moeite om ook van hierdie gelowige wetenskaplikes se werk te lees. Die Here kan ons ook daarmee toerus.

En onthou, hulle wat die evolusieleer aanhang bedryf eintlik maar 'n godsdienst waarin hulle die lewende God totaal ignoreer en mense en menslike wysheid glo. Net so moeilik as wat dit is om met 'n Moslem oor die Bybel te praat, net so moeilik is dit om met hierdie evolusioniste oor die Bybel te praat. Die woorde wat Paulus aan Timoteus geskryf het, is in hierdie geval net so van pas:

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leer-meesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif.

(2 Timoteus 3:14-15 AFR83)

Die Heilige Gees is aan ons gegee om ons in die volle waarheid te lei. Dit is Hy wat ons lei om die Bybel te verstaan en te glo. Hy lei ons in die waarheid en bewerk hierdie vasstaande kennis waardeur ons alles wat in die Bybel geopenbaar word, vir waar aanvaar. Daarom kan ons sonder enige twyfel hardop sê:

Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.

(Hebreërs 11:3 AFR83).

Nou kan die sogenaamde wyses van hierdie wêreld ook met al hulle argumente aangaande Jesus

Christus kom. Deur die Heilige Gees se krag sal ons nie van stryk gebring word nie. Ons weet verseker dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het.

Maar die ware geloof is nie net 'n vasstaande kennis dat alles in die Bybel die waarheid is nie. Ware geloof is nie net 'n saak van ons verstand nie. As ons net met alles wat in die Bybel geskryf staan, instem en as die waarheid aanvaar, is ons op gelyke voet met die duiwels. Hulle glo ook dat daar net een God is soos dit in die Bybel geopenbaar word. Hulle aanvaar dit as die volle waarheid, want hulle het Hom al gesien en hulle sidder van angs, sê Jakobus in sy brief. Hoewel hulle die Bybel as die waarheid aanvaar, wil hulle ten alle koste nie toelaat dat hierdie vasstaande kennis hulle harte aanraak nie.

'n Mens wat net verstandelik instem met die Bybel en die Bybel as die waarheid aanvaar sonder dat sy hart daardeur geraak word, het nog nie die ware geloof nie. Hy het nog net iets wat 'n mens 'n historiese geloof kan noem. Dit is 'n stuk oppervlakkigheid waarby die hart van die mens nog nie by die God van die Bybel betrokke is nie. Daarom bely ons dat ware geloof ook *'n vaste vertrou* is.

Geliefdes, by Abraham sien ons die ware geloof raak. Die Here het Homself aan Abraham bekend gemaak sodat Abraham Hom sou ken. En toe God hom roep om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang, het Abraham geluister.

Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. (Hebreërs 11:8 AFR83)

Maar hy het getrek, want hy het God vertrou. 'n Vaste vertrou in die Here word daarin duidelik dat 'n mens die Here gehoorsaam sonder om te wonder, want jy ken Hom as die God van waarheid. Abraham het nie eers verskillende opsies oorweeg om te kan sien watter een vir hom die beste sou wees nie. Toe God roep, het hy weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Maar omdat die Here die God van waarheid is, het Abraham by die Heilige Gees die versekering gekry dat waarheen die Here hom ook al lei, dit die beste sal wees.

Hierdie opregte geloof wat die Heilige Gees in Abraham se hart laat opvlam het, word veral sigbaar wanneer die Here hom beveel om vir Isak te gaan offer. Abraham het God geken as die God van waarheid. Oor 'n tydperk van vyf en twintig jaar het die Here telkens belowe dat hy 'n nageslag uit Sara sal hê. Maar Sara was onvrugbaar. Tog het Abraham die Here geglo. Ja, daar was tye toe hy deur kleingeloof oorval is. Na tien jaar wat hy die belofte van 'n nageslag ontvang het, het die kleingeloof so die oorhand by hom gekry dat hy Sara se plan om met Hagar te trou as die uitweg gesien het om die belofte van die Here waar te maak vir hom.

Maar ons mense kan nie self die Here se beloftes aan ons waar maak nie. Op die bestemde tyd het die Here aan Abraham die beloofde seun gegee. Toe Abraham honderd jaar oud was, is Isak uit Sara gebore. Abraham het toe nog meer as ooit te vore die versekering gehad: Hierdie God wat hom geroep het en vir wie hy ken, is regtig die God van waarheid. Hy bly getrou aan sy eie woord. 'n Mens kan die Here ten volle vertrou. Die kennis oor God wat Abraham oor baie jare van die Here self gekry het, het nou regtig diep in sy hart ingesink. Sy hart was aangeraak deur die vasstaande kennis.

Alhoewel God belof het dat Abraham se nageslag uit Isak gebore sou word, het die Here hom tog op die proef gestel. Die Here het Abraham beveel om sy seun, die seun wat hy liefhet, te gaan offer. Omdat Abraham geglo het, en omdat hy die Here geken het en sy vertrou ten volle in die Here gestel het, het hy sonder twyfel, sonder enige teëpratery Isak as offer afgestaan. Abraham het vas geglo dat die Here nog steeds sy nageslag uit Isak sal voortbring, al moes hy hom gaan offer.

Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.

(Hebreërs 11:19 AFR83)

Omdat Abraham God geken het, kon hy Hom ook vertrou. So 'n vasstaande kennis en vaste vertrou is ware of opregte geloof.

Geliefdes, ons hoor die Here elke dag met ons vanuit die Bybel praat. Die Heilige Gees laat ons God leer ken as die betroubare God wat doen wat Hy belooft. Hy tree reg en regverdig op. Daarom, wanneer die Here ons waarsku oor 'n verkeerde pad wat ons inslaan of beloftes aan ons maak, kan ons Hom sonder twyfel glo. God sal ons nooit mislei nie. Ons kan, sonder om enigiets anders te oorweeg, die Here met vertrou gehoorsaam, want wat Hy wil hê ons moet doen en waarheen Hy ons lei, is altyd vir ons die beste.

Ons kan dus die Here met die grootste vrymoedigheid gehoorsaam. Iemand wat vrymoedig doen wat God beveel, is nie skrikkerig dat dit wat hy doen verkeerd sal wees nie. Hy twyfel ook nie of dit wat hy doen die regte ding is of nie. Hy doen dit bloot net omdat God hom beveel het om dit te doen.

Boers, susters en kinders, so 'n vaste vertrou verg 'n totale oorgawe van ons kant af, wat alleen kan gebeur wanneer ons totaal verander word. Hierdie soort vertrou kom nie uit onself na vore nie. Ons is van nature skepties en twyfelagtig. Ons aanvaar of vertrou nie maklik iets of iemand nie, tensy ons die mens ken. Daarom moet daar in ons denke 'n totale verandering plaasvind. So 'n verandering kan nie met menslike redenasies en oortuigings bewerk word nie, want ons redenasies en oortuigings werk net as ons dit kan sien.

En nou kan ons die Here dank dat die Heilige Gees ook ons skeptiese en twyfelagtige geaardheid oorwin. Die Heilige Gees werk hierdie vaste vertrou in ons hart. Deur middel van sy werk binne-in ons kan ons die Here met vrymoedigheid gehoorsaam en glo. En die werk van die Heilige Gees staan nie op losse skroewe nie. Ons gehoorsaam die Here nie soos 'n donkie nie. Die fondament van ons vaste vertrou staan vas. Die Heilige Gees bewerk die vaste vertrou in ons hart deur middel van die evangelie. Hy leer ons die God van die Bybel en sy werk ken ter wille van onself. Hy leer ons die liefdesdaad van die Vader in Jesus Christus ken. En dit staan alles in die evangelie geskryf. Die rede waarom ons die Here vrymoedig en met vaste vertrou kan gehoorsaam, kan nageslaan word in die Woord van God wat die absolute waarheid is.

In hierdie woorde, geliefdes, hoor ons ook dat opregte geloof 'n gawe van God is. Deur die Heilige Gees gee die Here aan ons die vasstaande kennis en die vaste vertrou. Maar ons het steeds 'n verantwoordelikheid om te glo. Ons moet glo dat ons deel het aan die verlossing deur Jesus Christus.

Dit is dan op hierdie punt waar ons sien dat geloof 'n baie persoonlike saak is. Met die vasstaande kennis werk die Heilige Gees deur die evangelie so 'n vaste vertrou in my hart dat ek reguit kan sê: God het nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk. My verantwoordelikheid in die redding wat Christus bewerk het, is hierin geleë: Ek moet met sekerheid weet en van harte vertrou dat ook ek uit louter genade deel het aan die verlossing wat Christus gebring het.

Maar wat nou daarvan as iemand nog nie so 'n groot sekerheid het nie, het hy dan nie ware geloof nie? Geliefdes, hierdie sekerheid kom ook nie uit onself nie. God gee dit in verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie. En hoe gee Hy aan ons hierdie sekerheid? God gee aan ons die sekerheid deurdat Hy ons die vrugte van sy werk in ons met blydschap en heilige vreugde laat waarneem. Die vrugte van sy werk is 'n kinderlike eerbied en respek vir God, droefheid oor die sonde en 'n honger en dors om te doen wat reg is in God se oë.

Broers, susters en kinders, God laat ons hierdie vrugte al duideliker sien wanneer ons die inhoud van ons geloof al beter leer ken en ons vertrou al vaster word dat wat in die evangelie belooft word ook vir ons elkeen afsonderlik bedoel is. Dit beteken dat ons die Bybel al meer gaan bestudeer om

daaraan te kan vashou en te verstaan wat ons elke Sondag bely. Wat in die evangelie beloof word en wat saamgevat word in ons Twaalf Artikels is die inhoud van ons ware geloof.

Ware of opregte geloof is lewensbelangrik, want net daardeur kry ons deel aan Christus en al sy weldade, net daardeur word ons salig. Mag die Heilige Gees ons lei sodat ons nie net by kennis sal vassteek en die vertrouwe vergeet nie. Kennis sonder vertrouwe is iets wat ons historiese geloof noem. Mag die Heilige Gees ons ook lei om nie 'n emosionele opwelling as geloof te beskou nie. Dit is dan vertrouwe sonder kennis. En so iets hou net so lank as wat die emosionele opwelling daar is. Kom ons bid dat die Heilige Gees die ware geloof in ons sal laat groei deur ons te lei in die inhoud van ons geloof sodat elkeen opreg kan sê: God het my ook regverdig verklaar op grond van Jesus Christus se verlossings-werk aan die kruis.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:6 (p. 425)

6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Februarie 2013